Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
montagu.prim@wcgschools.gov.za
www.laerskoolmontagu.net
023 614 1640

# MONTIENUUS

24 April 2024
OB 14

Beste Ouers

Die kwartaal het nou die normale patroon begin volg, na die eerste twee halwe weke van skool.

Baie geluk aan me. Marika Enslin. Haar oudste dogter trou eerskomende Saterdag.

**Die Spar Montie Sportdag** kom vinnig nader. Ons het briewe uitgestuur, waarin ons u vra om asseblief betrokke te raak by die dag. Ons het altyd 'n klomp spelers en toeskouers en dit is die grootste sportdag van die jaar. Hierdie is die ideale geleentheid om ander of nuwe ouers te ontmoet!

Ons het u hulp nodig by die stalletjies, toegangshekke en sportveld. Die veldbeamptes by die rugby help dat die volgende rondte spanne vooraf gereedstaan. Die afrigters bring die spanne tot langs die veld. U neem die bal aan die einde van die wedstryd en gee dit weer aan die volgende skeidsregter. Tussendeur kyk u rugby en kan u ook na 'n ander span gaan kyk, sou u kind by 'n ander veld speel. Ek probeer om u by u kind se veld te plaas. Ons gaan vanjaar (indien dit nie reën en die veld sag is nie), op Saterdag op die hokkievelde parkeer. Ons het daar ouers nodig wat kaartjies by die hek kan verkoop. Help asb. Vrydag vind die hokkie sportdag plaas. Daar sal parkeerplek wees op die oop grond tussen die sportvelde en rivier, toegang vanuit Du Toitstraat.

Die ligawedstryde het in aanvang geneem. Hou asb. die Montienuus en d6 kalender dop. *Indien u nie die Montienuus of d6 boodskappe lees nie, gaan u nie weet hoe die skoolprogram verloop nie.* Sou veranderinge plaasvind, stuur ons die boodskap as 'n flitsboodskap op d6 uit.

Ek herinner u dat ons vanaf 2 Mei wintersdrag aantrek. Gaan asb. betyds u kind se wintersdrag deur om seker te maak sy/hy het alles wat nodig is. Sweetpakke en dasse word by die klerewinkel verkoop. U kan by me. Thamlynne Nel navraag doen. Sy is deur die dag tot en met 14:30 beskikbaar.

Weektema:
Optimisties en positief
BrainTribe:
Koei: "Ja! Kies die goeie, kies om te leer in elke situasie."

Sterkte vir u week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
**Skoolhoof**

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| Donderdag, 25 Apr | Rugby en netbal: De Villiers (tuis) |
| Vrydag, 26 Apr | Entrepreneurs: Ope<br>Wêreld Boekedag |
| Saterdag, 27 Apr | VRYHEIDSDAG<br>Wynland Netbalproewe Worcester |
| Woensdag, 1 Mei | WERKERSDAG |
| Donderdag, 2 Mei | Wintersdrag<br>Rugby en netbal: McGregor (weg) |
| Vrydag, 3 Mei | Entrepreneurs: Gr. 5L<br>GF Boeke huis toe<br>MONTIE SPORTDAG: Hokkie |
| Saterdag, 4 Mei | MONTIE SPORTDAG: Netbal en Rugby |

**Vrydag, die 26ste April vier ons Wêreldboekedag!**

Trek aan soos jou gunsteling boekkarakter. Alhoewel klassieke kinderboekkarakters uit stories soos “Alice in Wonderland”, “Gouelokkies en die drie bere” of “Rooikappie” na aan ons harte lê, is ons spesifiek op soek na nuwer karakters. Daar is pryse vir die mees unieke uitrustings op die spel!

*Ondersteun die Monties - koop ‘n sim-kaart by die skool!*

*Goedkoop data wat nooit verval nie!*

*Pryse om te wen.*

S4S sim 4schools

# Spanne vir De Villiers Primêr (tuis)

Netbal: o. 7A+B, o. 8A+B, o. 9A+B, o. 10A+B, o. 11A+B, o. 12A+B, o. 13A+B
Rugby: o. 8A, o. 9A, o. 11A+B, o. 13A+B

Daar is oefeninge in die sportperiode vir
**ALLE SPANNE** (ook die wat nie wedstryde speel nie).
Daarna sal die wedstyde gespeel word.

---

# Rugby: Noord-Boland

Jenö Jacobs is ook gekies vir die Noord-Boland o.13-rugbyspan.
Baie geluk.

---

11 May 2024

**Start Time:**
6km - 9am
12km - 8:30am
21km - 7:30am
30km - 7am

De Bos Camping Site
8 Brown Street,
Montagu
Saturday from 6am

**Entry Fees:**
6km - R100
12km - R300
21km - R600
27km - R750

Montagu Mania nooi alle Monties, ouers en vriende uit om aan ons 2km *Trailrun* te kom deelneem.
09h15 - Saterdag, 11 Mei 2024 by De Bos.
R50 inskrywingsfooi. Alle deelnemers kry 'n medalje!
Kontak Ilse Esterhuyse by 072 125 1854

# Rugby en netbal: Laerskool Robertson

**NETBAL**

| Span | * Telling | Speler van die wedstryd |
|---|---|---|
| o. 7A | 4-7 | Lena Bussell |
| o. 7B | 1-0 | Kyra Jafta |
| o. 8A | 0-5 | Athayliah Hoffman |
| o. 8B | 0-1 | Shiree September |
| o. 8C | 0-0 | Ariah Banda |
| o. 9A | 4-4 | Ellie Bussell |
| o. 9B | 0-5 | Mari du Plessis |
| o. 10A | 4-11 | Aliai Stopforth |
| o. 10B | 0-3 | Isabella Prinsloo |
| o. 11A | 5-7 | Adia Philander |
| o. 11B | 10-3 | Megan Prinsloo |
| o. 11C | 0-6 | Skye Fluks |
| o. 12A | 6-9 | Ruvé Williams |
| o. 12B | 21-1 | Avenathi Bhozo |
| o. 13A | 4-21 | Confidence Ramabulana |
| o. 13B | 21-1 | Carolina Smit |

**RUGBY**

| Span | * Telling | Speler van die wedstryd |
|---|---|---|
| o. 7A | 5-25 | Luke Faro |
| o. 7B | 30-5 | Lee-Roy April, Arlo van der Linde |
| o. 8A | 15-35 | Zeke Thompson |
| o. 8B | 10-25 | Hele span |
| o. 9B | 0-10 | Noah Swanepoel |
| o. 11A | 0-12 | Hele span |
| o. 11B | 0-40 | Austin Maake |
| o. 13A | 0-40 | Wian Joubert |
| o. 13B | 0-40 | Miller Jacobson |

*** Telling (Montagu telling eerste)**

---

## SKOOL SE E-POS ADRESSE

Gebruik asseblief die volgende e-pos adresse om ons te kontak:

Amptelike skool e-pos adres: montagu.prim@wcgschools.gov.za

Skoolhoof: skoolhoof@laerskoolmontagu.net

Ontvangs: ontvangs@laerskoolmontagu.net

Klereverkope: klerewinkel@laerskoolmontagu.net

Finansies: montagu.prim@wcgschools.gov.za

**NB NB NB NB**

**monties@telkomsa.net**

**monties2@telkomsa.net**

**montieshoof@telkomsa.net**

**Hierdie e-pos adresse word uitfasseer en u e-posse gaan nie ontvang word nie.**